VAN BOOMSTAM TOT DIRIGEERSTAF

Inleiding

Musiek is gebore in die menslike brein; eers as 'n klank, daarna 'n opeenvolging van klanke in 'n georganiseerde volgorde. In wese is musiek eintlik 'n vorm van kommunikasie.

Die vroegste mens word bewus van die natuur en geluide om hom; nou is kommunikasie nodig. Gebruik hul stem, hul hande; maak geluide, skree, klap of slaan op 'n hol voorwerp, bv. 'n uitgeholde boomstomp. Dan is daar weer stiltes. Later kom hulle agter dat daar verskillende ritmes kan voorkom; stadig en vinnig.

Ontwikkeling gaan verder; instrumente word gemaak en komposisies word later neergeskryf deur groot meesters. Orkeste word saamgestel wat deur die dirigent en sy staf gelei word.

Plan

	Aantal bladsye
Titel, Inleiding en **Plan**	1
Ontdekking van klank, toonhoogte en tempo	1
Van boomstam...	2
Musiekinstrumente uit die Bybelse Tyd	2
Musiekskrif en Komposisie	2
Moderne Musiekinstrumente	2
Groot meesters	2
...tot Dirigeerstaf	3
Slot	1

Ontdekking van klank, toonhoogte en tempo

Musiek is gebore in die menslike brein en het toe 'n manier gevind om deur middel van dié klanke te kommunikeer - om jou stem te gebruik deur geluide te maak of te skree.

Klank kan sterker of sagter, hoër of laer, vinniger of stadiger word tot 'n totale stilte en wek nie dieselfde reaksie by die toehoorder nie.

Ons dink aan 'n held in 'n avontuur. Sy woonplek is die woud of vallei.

Geritsel van blare, kraak van ou bome, gekwetter van voëls of klanke van diere,...

...rivier/strand - stroompie se gekabbel/geklots van golwe; dis bekende klanke vir hom.

Dan weer stilte wat die siel en verstand bevry.

Van boomstam.....

So het die mens byna, sonder om daaraan te dink, die basiese elemente van 'n nuwe verskynsel ontdek wat later *musiek* genoem sou word.

Met 'n stuk uitgeholde boomstam en twee stokke (regs -25c-), of met sy eie hande (hierbo en links onder)...

...of 'n skulp (links), was voldoende om die eerste musiekinstrumente te maak.

Koedoe-/elandhorings word gebruik as 'n seinhoring deur daarop te blaas.

Fluite word van bamboes/ riet gemaak.

'n Trom word van hout/bamboes gemaak; die velle word aan die oop kant styfgespan, soms m.b.v. koorde langs die silinder af.

Ratels word gemaak deur sade/klippies in/om 'n kalbas te plaas en dit dan te skud.

'n Snaarinstrument is van 'n uitgeholde stuk hout, buigbare takkies en snare, gemaak. Lg. is van droë palmblare gevleg. Dit word met die vingers gepluk/gespeel.

Hy het die basiese elemente van musieksamestelling ontdek en geleer om klanke logies in tyd/tempo in te span; hy het musiek ontdek! Daar is bewegings uitgevoer, gespring en gedans.

Musiekinstrumente uit die Bybelse Tyd

Die eerste mense van wie ons met sekerheid weet dat hulle musiek beoefen het, was die antieke Egiptenare. Die maak van musiekinstrumente gaan ver terug. In Genesis 4:21 lees ons die eerste keer daarvan; *'.....hy (Jubal) was die stamvader van dié wat op die lier en die fluit speel.'*

Die Jode was 'n uiters musikale volk van die antieke tyd soos blyk uit die talle verwysings na musiek (horing, harp, tamboeryn, trompet, ratels en simbale) in die Ou Testament van die Bybel. Die Joodse tempelgesange het dan ook die grondslag van die vroeë Christelike Kerkmusiek gevorm.

Die Griekse beskawing het geglo dat musiek 'n goddelike gawe was. Die woord *musiek* is afkomstig van die Griekse *'Mousikê'* - die kuns van die muses. Hulle bespeel instrumente soos die harp, lier, fluit, luit en trompet.

Horing

Trompet

Die Romeine se musiek was in hoofsaak op die Griekse voorbeelde gebaseer.

Lier

Harp

Juis omdat musiek die eienskap het om die mens se siel te oorweldig, het dit in godsdienstige plegtighede 'n groot rol gespeel.

Ratel, Tamboer en Simbaal

Musiekskrif en komposisie

Hombre de Neanderthal

Wat die klanke van die *Neanderdal-mens* en *Homo sapiens* was, sal ons nie weet nie; daarom, om die melodie wat in jou brein ontstaan, te kan behou vir die nageslag, moes daar komposisies neergeskryf word in 'n spesiale skrif.

Homo sapiens

Daarmee is waarskynlik reeds in die 7e eeu begin, deur tekentjies bo die lettergrepe van die teks te plaas. In die 11e eeu het 'n 4-lynige notebalk in gebruik gekom.

Vandag gebruik ons *noteskrif*, bestaande uit *5 lyne* ewewydig onder mekaar. Verskillende tone/opeenvolgende note word op/tussen die lyne geskryf - hoe hoër die toon lê, hoe hoër is sy toonhoogte, en andersom; vergeleke met die toonsleutel van die musiekstuk.

Verskillende note word gebruik om die duur van 'n noot aan te dui soos 'n *heelnoot* (oop sirkel), *halwe noot* (oop sirkel met 'n af-/opstrepie daaraan), 'n *kwartnoot* (ingekleurde sirkel met 'n af-/opstrepie daaraan) e.a.

Datumstempel met G-sleutel

Detail van posseël Bassleutel met 2/4-tyd

Die *toonsleutel (G-/bassleutel)* word heel links op die balke aangedui. Die *tempo* word daarlangs geskryf, bv. 4/4- of 3/4-tyd.

Rustekens dui stiltes aan; daar is *kruise* of *molle* wat 'n noot verhoog of verlaag. Hierdie moderne stelsel van notering het jare, selfs eeue geneem om tot sy huidige vorm te ontwikkel.

Maatstrepe dui die maat aan en *'n punt ná 'n noot* verleng 'n noot met die helfte van sy duur.

Detail van posseël

Wanneer die sleutel dus vooraan op 'n notebalk geplaas word en die note, rustekens, kruise, molle, maatstrepe, ens. georden word, word 'n musiekstuk/komposisie geskep.

Links en regs: Posseëls kom uit 'n posseëlboekie

Moderne Musiekinstrumente

Daar is dus ver op musikale gebied gevorder vanaf die dae toe oermense met stokke teen boomstamme geslaan het. Die moderne musiekinstrumente is verfyn asook die tegnieke van moderne musici. Hieronder volg voorbeelde.

Die geskiedenis van die *viool* (strykinstrument) het sy oorsprong by die *Musikale Boog* (links). *Antonio Stradivarius* (hieronder) was een van die bekendste vioolbouers.

Regs:
Tjello

Regs:
Langspil
- siter

Luit

Harp

Kitaar

Xilofoon

Ratels

Doedelsak

Trekklavier

Tromme en tamboeryn

Harp, Kontrabas,
Pouke en Franse horing

Saksofoon

Orrel

Houtfluite en Klarinet

Klavier, Saksofoon, Viool, Ghong en Kitaar

Groot Meesters

Hierdie tema kan nooit voltooi wees as daar nie 'n paar name van groot meesters/musiekskrywers genoem word nie.

Jean-Baptiste Lully
(1632-1687)

Domenico Scarlatti
(1685-1757)

Johann Sebastian Bach (1685-1750)
ook genoem die *Vader van die Musiek*

Georg F. Händel (1685-1759)

Franz J. Haydn
(1732-1809)

Wolfgang Amadeus Mozart
(1756-1791)

Ludwig van Beethoven
(1770-1827)

Robert A. Schumann
(1810-1856)

Die musiek in die agtergrond is foutief; dit is die lied 'Wanderers Nachtlied' geskryf deur J.W. von Goethe en gekomponeer deur Franz Schubert.

Franz P. Schubert (1797-1828)

Frédéric Chopin (1810-1849)

Word by die Lyceum (Warschau Konservatorium) ingeskryf toe hy 15 jaar was.

Johann Strauss II
(1825-1899)
ook genoem
Die Walskoning

Hector Berlioz (1803-1869)

Richard Wagner
(1813-1883)

Franz Liszt (1811-1886)

Edvard Grieg
(1843-1907)

Claude Debussy
(1862-1918)

Bedřich Smetana
(1824-1884)

George Enescu
(1881-1955)

.....tot Dirigeerstaf

Komponiste het dus verskeie musiek gekomponeer soos opera- en operette-musiek soos bv. *La Juive, Die Zauberflote, Boris Godunov, Don Carlos* en *Aida*...

Ballet Raka (bo) en Opera Aida (onder) op miniatuurvel

....balletmusiek soos bv. *Lebedino ozero/ Swanemeer, Shchelkunchik/Neutekraker, Raka* en ballet by die 100-jarige herdenking van die wals, die *Blou Donau*.....

.....solosang,
koor- en
toneelmusiek....

Die koevert hierbo beeld die volgende toneelstukke van Shakespeare uit: *Midsummer Night's Dream, Twelfth Night, Romeo and Juliet, Henry V* en *Hamlet* (genoem in seëlwaarde-volgorde).

...asook volksmusiek om maar 'n paar voorbeelde te noem.

Hierdie posseeël kom uit 'n posseëlboekie; 2 gladde en 2 geperforeerde kante.

Ten spyte van hierdie verfyning van musiek en instrument, word 'n *stok* vandag nóg by musiekuitvoerings gebruik! Dit word nog steeds in die hande gevind van die man wat die fynste *musiekinstrument* hanteer. Daar word natuurlik verwys na die *dirigeerstaf* van die *dirigent* van die orkes.

Met hierdie dun stokkie beheer hy al die stemme van die koor en al die musiekinstrumente van die simfonie-orkes wat groot werke van komponiste uitvoer.

SLOT

'n Poging is aangewend om in breë trekke die ontwikkeling van die musiek as kunsvorm bekend te stel. Daar is probeer aantoon hoe iets, so eenvoudig soos die voortbring van klank en stilte, deur inspanning verfyn kan word tot 'n algemene en ingewikkelde kunsvorm. Musiek, selfs in sy ligsinnigste vorm, speel 'n geweldige rol onder die opkomende geslag. Selfs dit het sy ligkant: dit kan moontlik daartoe bydra dat ook ons jongmense 'n belangstelling in ware musiek kan ontwikkel. Musiek kan 'n sterk uitwerking op die menslike siel uitoefen.

'n Moderne Duitse komponis, Orf, het gesê dit is ondenkbaar dat daar op die huidige tydstip so iets soos 'n musikale ongeletterde kan bestaan! Orf het die spyker op die kop geslaan. In die groot avontuur van die menslike gees is daar voorwaar min wat 'n meer veredelende en verheffende uitwerking op die mens kan hê as om musiek te bemeester!